



eduresourceza.com

NASIENRIGLYNE:

AFDELING A LETTERKUNDE

DONKER WEB – Fanie Viljoen

VRAAG 1 DIE "DONKER"-TEMA

1.1 Wie sê die woorde hierbo? (1)

Dirk

1.2 Dié persoon (jou antwoord in 1.1) is ook die persoon wat een van die "vieslike mense wat vieslike goed aanvang" identifiseer het.

Wie het hy identifiseer, en waartoe het dit uiteindelik gelei? (2)

Die Baker/Sebastian Stadler. ✓ Dit het daartoe gelei dat Greg-hulle uiteindelik die Baker opgespoor het. ✓

1.3 Na watter "een verdomde dak" verwys Greg se pa hier? (1)

Hy verwys na die (Kgosi Mampuru II) tronk ✓ in Pretoria waar hy aangehou word.

1.4 Wie is ook onder dieselfde verdomde dak as Greg se pa? (1)

Dok Pienaar

1.5 Op watter TWEE aanklagtes het hulle twee in die tronk beland? (2)

Moord ✓ en terrorisme ✓

1.6 Wat gebeur uiteindelik met hierdie persoon (jou antwoord in 1.4)? (1)

Hy word (met 'n skerp gemaakte tandeborsel deur die Baker se trawante) in die tronk doodgemaak ✓

1.7 Ayla praat van "gunste en gawes wat onder die tafel gedoen word". Sê kortliks hoe Xander se pa blykbaar by so 'n transaksie betrokke was. (1)

Regter Gericke het omkoopgeld ontvang ✓ in 'n klag teen Dok Pienaar en Chris Owen. Hy het gedreig om dit openbaar te maak toe sy gewete hom begin pla het.

1.9 Hoe is daar ná die transaksie met hom afgereken? (1)

Hulle het hom tereggestel/vermoor (deur hom met 'n motorbinneband te versmoor).

1.10 Wie se idee was dit om dit op dié manier te doen? (1)

Valkyrie s'n

1.11 Op watter manier het Sebastian Stadler as kind reeds sy gruwelikste fantasieë uitgeleef? (1)

Hy het diere op die plaas vergiftig/doodgemaak (en hulle dan opgestop).

1.12 Ons lees van Xander se wraak wat in die donker gesmee is. Teen wie het Xander twee jaar tevore wraak gesmee (*forged*)? (1)

Teen Greg se gesin

1.13 Hoekom het hy wraak gesmee (*forged*)? (1)

Hy wou wraak op die Owens neem vir Greg se pa se rol in die dood van sy pa.

1.14 Wat bedoel Greg met "na alles wat gebeur het?" (1)

Xander het Greg-hulle se gesin opgebreek en vernietig.

1.15 Na watter twee duiwels word daar in die tweede aanhaling hierbo verwys? (1)

Xander 1/2 en Sebastian Stadler/die Baker 1/2

[16]

VRAAG 2 DIE TRANSPONDER

2.1 Skryf 'n paragraaf van **80-120 woorde** oor die rol van die transponder.

In jou paragraaf moet jy aandag aan die volgende gee:

- Hoe het Xander seker gemaak dat die transponder nie beskadig nie? (1)

Hy het die pakkie in 'n tweede pakkie geplaas.

- Sê kortliks wat die transponder is en hoe dit lyk. (2)

Dis 'n baie klein elektroniese skyfie ✓ (kleiner as 'n ryskorrel) wat onder 'n mens se vel ingeplant word ✓ en kan verskeie funksies verrig.

- Wie moet, volgens Xander, die transponder vir Greg inplant? (1)

Hy moet dit na 'n tattooëerder toe neem om dit in sy hand te laat inplant. ✓

- Waarmee moet die transponder ingeplant word? (1)

Met iets wat soos 'n vreemde inspuiting lyk. ✓ Dit het 'n wit handvat met 'n massiewe naald.

- Hoe bedrieg (*deceive*) Greg vir Xander oor die transponder? (2)

Hy laat Chloe 'n foto van sy hand neem ✓ wat sy sodanig manipuleer dat dit lyk of daar iets onder die vel in sy hand ingeplant is. ✓

- Op watter bloederige toneel kom Greg in sy badkamer af? (1)

Plank het die transpondeerder in sy hand ingeplant ✓ sonder om die nodige voorsorg te tref.

[8]

2.2.1 Hoekom is die woorde "die password is in jou hand" nie waar is nie? (1)

Die transponder is in Plank se hand, nie in Greg s'n nie.

2.2.2 Hoekom moet Plank saam met Greg Istanboel toe gaan? (1)

Sodat Greg toegang tot sy skootrekenaar kan verkry.

2.2.3 Waar ontmoet Greg vir Xander in Istanboel? (1)

In die Basilica Cistern (Versonke paleis).

2.2.4 Hoe probeer Xander seker maak of Greg die transponder by hom het? (1)

Hy vee Greg se nuwe selfoon oor die plek tussen Greg se duim en voorvinger.

2.2.5 Hoe reageer Xander as hy beseft dat hy bedrieg is? (2)

Hy loop weg ✓ en wil niks meer met Greg se soektog na die Baker te doen hê nie. ✓

2.3 Volgens Xander is die **transponder** die ding van die toekoms.

2.3.1 Hoe maak hy hulle voordeur in Istanboel daarmee oop? (1)

Hy trek sy hand oor 'n elektroniese paneel teen die muur langs die deur, dan spring die slot oop.

2.3.2 Watter rol speel die transponder in die foutiewe koerantberig wat Turret Media publiseer? (1)

Omdat Greg se transponder in Plank se hand ingeplant was, het die media gedink dat dit Greg se lyk was wat uit die kanaal gehaal is.

[8]

TOTAAL: [16]

VRAAG 3 GREG EN RIAN TROLLIP IN GESPREK

3.1 Greg: Ek het jou vrou een aand gebel en sy het snaaks gepraat, asof haar tong gesleep het. Weet jy dalk wat die rede hiervoor kon wees? (1)

Rian: Sy was seker dronk, want sy is 'n alkoholis.

3.2 Greg: Raai waar het ek haar selffoonnommer in die hande gekry? (1)

Rian: By 'n koerantberiggie oor 'n geldsinsameling vir kanker waarby sy betrokke was.

3.3 Greg: Sebastian Stadler sê julle is broers. Hoekom is sy van dan Stadler en joune is Trollip? (2)

Rian: Ons is eintlik neefs, √ maar na my ouers se dood het ek by Sebastian-hulle op die plaas gaan woon.√ Ons het soos broers daar grootgeword.

3.4 Greg: Volgens Sebastian het jou pa sommer julle "basvelle afgetrek". Wat het hy met dié woorde bedoel? (1)

Rian: My pa was baie streng en het geen nonsens geduld nie. Hy het ons gereeld geslaan.

3.5 Greg: Jy en Sebastian het in dieselfde studierigting spesialiseer. Watter rigting was dit? (1)

Rian: Virologie

3.6 Greg: Julle was albei by Project Nursery Rhyme betrokke. Hoekom het jy die projek verlaat? (1)

Rian: Toe ek uitvind van die bouse plan om 'n dodelike virus in griepinspuitings te versteek en mense daarmee dood te maak, het ek aan die projek onttrek. (Ek wou polisie toe gaan.)

3.7 Greg: Volgens koerantberigte het jy in die tronk beland. Wat was die aanklagte teen jou? (1)

Rian: Die besit van kinderpornografie

3.8 Greg: Watter effek het die aanklag teen jou op jou huwelik gehad? (1)

Rian: Dit het die einde van my huwelik beteken/My vrou het van my geskei.

3.9 Greg: Terwyl jy in die tronk was, het jy skynbaar (*apparently*) selfmoord gepleeg. Weet jy wat die koerante daaroor berig het? (1)

Rian: Ja, volgens die koerante het ek myself met 'n geskeurde kombes in die tronksel opgehang.

3.10 Greg: Rian, wees asseblief eerlik: is dit werklik wat in die tronk gebeur het? (1)

Rian: Nee, ek het nie myself opgehang nie, ek is deur medegevangenes vermoor.

3.11 Greg: Jou vrou noem jou 'n duivel, maar die duivel in die verhaal is Sebastian.

Ek hoor hy het as kind reeds soos 'n duivel opgetree. Vertel my 'n bietjie meer hiervan. (2)

Rian: Op die plaas het hy gereeld diere doodgemaak/vergiftig. ✓ Hy het hulle dan opgestop en in sy kamer gehou. ✓

3.12 Greg: Daar is 'n foto wat tydens jou begrafnis geneem is. Die vrou op die foto is nie jou vrou nie. Wie is sy, en hoe is julle verwant? (2)

Rian: Dis Valkyrie, ✓ Sebastian/my broer se vrou. ✓

Greg: Baie dankie, Rian.

Rian: Plesier.

[15]

VRAAG 4 GREG SE BESOEKE AAN BESIENSWAARDIGE PLEKKE

Greg besoek verskeie besienswaardige plekke, nie as toeris nie, maar omdat hy die Baker wil opspoor. Verskeie spannende dinge gebeur met hom daar.

Skryf 'n opstel van tussen 250 en 400 woorde oor die toeristeplekke wat Greg besoek in sy soektog na die Baker.

- Jou opstel moet 'n inleidings- en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.

4.1 Greg se eerste besoek aan die **Basilica Cistern (Versonke Paleis)**

- In watter stad is die Basilica Cistern? (1)

In Istanboel

- Vertel kortliks hoe dit binne-in die plek lyk. (2)

Dis 'n ondergrondse vertrek met honderde verligte pilare ✓ en water waarin groot visse rondswem. ✓

- Waarvoor was dié gebou skynbaar vroeër gebruik? (1)

As 'n reservoir ✓ waarin die water van baie van die stad se geboue opgegaar is.

- Hoekom gaan Plank nie saam met Greg die gebou binne nie? (1)

Xander het uitdruklik gesê dat Greg hom daar moet ontmoet ✓ (hy weet nie dat Plank saamgekom het nie).

- Hoekom is Greg se ontmoeting met Xander in die Basilica Cistern onsuksesvol? (1)

Wanneer Xander ontdek dat Greg vir hom gejok het oor die transponder, wil hy niks meer met Greg se soektog na die Baker te doen hê nie.

4.2 Greg se eerste besoek aan die **Hagia Sophia ("Heilige Wysheid")**

- Waarvoor word dié indrukwekkende gebou deesdae gebruik? (1)

Dit word as 'n museum gebruik.

- Hoekom neem Xander Greg na dié wêreldberoemde plek toe? (1)

Nadat hulle na die gruwels van die Red Rooms op die donker web gekyk het, soek hulle "heilige wysheid".

- Watter deel van dié museum is die mooiste? (1)

Die sentrale deel met die groot dakkoepel

- Wie besoek later die museum saam met Greg? (1)

Plank

- Wie/Wat is Gli? (1)

Dit is die Hagia Sophia se inwonende kat wat baie aandag van toeriste kry.

4.3 Greg se besoek aan die **Palazzo Vecchio**

- Vir wie gaan Greg by die Palazzo Vecchio ontmoet? (1)

Vir Dirk Schutte

- Hoekom is Greg bang vir die ontmoeting? (1)

Hy is bang dat Dirk die Baker is (nadat hy hulle naby die Baker se woonplek in 'n swart motor agtervolg het).

- Wat doen Greg-hulle om seker te maak dat hy veilig sal wees? (1)

Xander en Ayla gaan saam, en Xander het die pistool by hom om Greg mee te beskerm.

4.4 Greg se besoek aan die **Giardini Reali (Koninklike Tuine)**

- Wie lei Greg-hulle na die Koninklike Tuine toe? (1)

Plank

- Wie wag vir hulle in die tuine? (1)

Valkyrie

- Hoekom kon Greg-hulle nie uit die tuin wegvlug toe hulle besef dat hul lewens in gevaar is nie? (1)

Die staalhek by die ingang gaan skielik toe en sluit voordat Greg-hulle kan uitkom.

- Wie verskyn 'n rukkie later aan Greg-hulle in die tuine? (1)

Die Baker/Sebastian Stadler

- Die verhaal bereik in hierdie tuine 'n klimaks. Wat gebeur? (2)

Xander skiet die Baker dood ✓ uit weerwraak vir die moord op sy pa. ✓

Taal en struktuur (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 70 punte

AFDELING B KREATIEWE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

- Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
- Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy beantwoord word.
- Doen **beplanning** vóór jy die opstel skryf en handig dit saam met die opstel in.
- Skryf **BEPLANNING** boaan.

- Jou beplanning in hierdie afdeling word nie bepunt nie – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.
- Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.
- Skryf netjies en duidelik.

ASSESSERING

Tydens assessering sal die volgende kriteria in ag geneem word:

- Kennis van vereistes van die skryftaak
- Interpretasie van die onderwerp
- Inhoud en idees
- Register en toon
- Taalgebruik
- Beplanning

VRAAG 5 BLOGINSKRYWING



[Aanlynsoektog: Bing images]

Situasie: Jy het aan die begin van jou matriekjaar begin met 'n blog oor ***hoe om groepsdruk teen te staan en 'n suksesvolle sosiale lewe te hê.***

Opdrag: Skryf nou 'n bloginskrywing oor **die rol van sosiale media in 'n tiener se lewe.**

In jou bloginskrywing moet jy oor die volgende skryf:

- Ten minste **twee nadele van sosiale media.**
- Ten minste **twee maniere hoe om dit te hanteer.**
- Hoe jou familie/vriende jou met sosiale media kan help.

Instruksies:

1. Verdeel jou **paragrafe** volgens die **bostaande indeling**.
2. Jou bloginskrywing moet ook 'n **inleiding- en slotparagraaf** hê.
3. Beplan jou bloginskrywing voordat jy dit neerskryf.
4. Skryf die totale aantal woorde onderaan jou bloginskrywing neer.

*Die inhoud van jou bloginskrywing moet tussen **150–250** woorde lank wees.*

[20]

VRAAG 6 DAGBOEKINSKRYWING

Jou **matriekafskied** was 'n reuse sukses en jy het jou aand in die **Orient** vreeslik geniet.

Skryf 'n dagboekinskrywing (**60 – 120 woorde**) waarin jy die aand herleef en vertel hoe jou aand afgeloop het.

NB: Onthou om die korrekte formaat te gebruik.



[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

GROOTTOTAAL: 100

eduresourceza.com